



Deutsche Schule Kroondal

Taalbeleid

DEUTSCHE SCHULE KROONDAL

TAALBELEID

1. DOELSTELLING VAN DIE SKOOL

Visie

Die skool streef daarna om Christus gesentreerde, gebalanseerde en veeltalige kinders voor te berei deur hulle volle potensiaal te ontsluit.

Missie

Ons skool is Christus gesentreerd en verbind tot:

- Noue betrokkenheid met die Evangelies Lutherse Gemeente in Kroondal.
- Duitse kultuur en tradisies met 'n sterk werksetiek.
- Individuele aandag in klein klasgroepe in 'n landelike omgewing.
- Die kweek van 'n sosiale verantwoordelike sin en wedersydse respek.
- Kinders op 'n hoë akademiese standaard te onderrig sodat kinders hulle skoolloopbaan in 'n Duitse, Afrikaanse of Engelse skool kan voortsit.

2. AGTERGROND

- 2.1. Die Deutsche Schule Kroondal(DSK) bestaan sedert 1892 en is 'n Duitssprekende privaatskool volgens die Suid-Afrikaanse Reg en is geregistreer by die Noordwes Departement van Onderwys.
- 2.2. Die DSK is 'n lid van die "*Independent School Association of South Africa*" (ISASA)
- 2.3. Die KABV (Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring – of meer bekend as CAPS) word as raamwerk vir die amptelike leerplan gevolg om sodoende akkreditasie by UMALUSI te verwerf en daardeur as amptelike skool in Suid-Afrika erken te word.
- 2.4. Die skool leer die leerders Duits, Afrikaans en Engels asook 'n derde amptelike taal, tans Tswana, soos deur die skool bepaal. Duits en Afrikaans word as moedertaal onderrig en Engels as eerste addisionele taal.
- 2.5. Die beheerliggaam, personeel en ouers besef die noodsaaklikheid dat die kind se liefde vir sy moedertaal by die huis en skool gekoester en bevorder moet word. Duits en Afrikaans word by die skool as huistaal onderrig en die skool ondersteun 'n veeltalige benadering, waar ander tale ook onderrig en gerespekteer word.
- 2.6. Die hoofvoedingsbron van die skool is die Spatzennest kleuterskool, waar kinders vanaf driejarige ouderdom die Duitse taal aanleer.
- 2.7. Alle ouers en leerders wat aansoek doen vir plasing by die DSK, word genooi vir 'n onderhoud waartydens die doelstelling, etos en taalbeleid van die skool verduidelik word. Tydens die inskryf van 'n leerling onderneem die ouers om bogenoemde te eerbiedig.

3. TALE VAN KOMMUNIKASIE

- 3.1. Tydens amptelike funksies van die skool (bv. atletiekbyeenkomste, swemgalas ens.) waar ouers en familie betrokke is, sal daar in Duits en Afrikaans gekommunikeer word.
- 3.2. Kommunikasie met die ouers geskied deur middel van Duits en Afrikaans.
- 3.3. Afkondigings by die skool word in Duits gedoen.
- 3.4. Die taal waarin die skool bedryf en bestuur word, is Duits en Afrikaans.
- 3.5. Kommunikasie deur die elektroniese media (Webwerf, Facebook ens.) geskied in Afrikaans en Duits.

4. VOORDELE EN BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

4.1. Agtergrond

Die voordele van vroeë bemeestering van 'n ander taal is reeds oor jare ondersoek en bewys. Dit gee 'n kind meer kreatiwiteit en buigsaamheid in denke. 'n Kind leer in die proses ook begrip en aanvaarding van 'n ander kultuur, gewoontes en tradisies. 'n Vroeë bemeestering van 'n tweede taal kan ook lei tot hoër vlakke van taal- en denkvaardighede.

Dit is belangrik om te onthou dat taal nie bloot net 'n kommunikasiemiddel is nie, maar dat dit ook sosio-psigologiese, - kulturele en -ekonomiese funksies verrig. Taal is 'n instrument waarmee sosiale identiteit, lojaliteit, eiewaarde, selfvertroue en waardestelsels verwerf en uitgedruk word. Navorsing dikt, dat onderrig deur medium van 'n tweede taal slegs effektief is as die moedertaal 'n positiewe, sosiale, psigologiese en kulturele waarde het. Soos in ons visie en missie vervat, onderneem ons by DSK om kinders te kweek met 'n sosiale verantwoordelikhedsin en wedersydse respek. Omdat 'n kind se skoolprestasie direk verband hou met sy/haar moedertaal, is dit vir ons by die DSK van uiterste belang dat ouers en kinders en veral die vir wie Duits 'n tweede of derde taal is, moeite moet doen om hul moedertaal voortdurend uit te bou, te koester en te onderhou. (Webb_Perspektiewe, 2006).

4.2. Ouerbetrokkenheid

Dit is verder belangrik dat die begrip "moedertaal" reg verstaan moet word. Moedertaal is jou hartstaal. Dit is die taal wat jy eerste by jou moeder aangeleer het en waarin jy veilig en geborge voel, veilig genoeg om te waag en nuwe konsepte te leer. Dit is die taal wat jy die beste verstaan en die meeste gebruik. Jy identifiseer met jou moedertaal. Die ouers tuis moet ook konstant dieselfde taal met 'n kind praat, sodat hy/sy die taal met 'n persoon kan verbind. In huishoudings waar ouers twee verskillende tale praat, moet elke ouer verkieslik net in sy taal met sy kind kommunikeer. Daardeur kan taalverwarring moontlik verhoed word. Wanneer 'n kind uit 'n Afrikaanse huis in Duits onderrig word, sal hy/sy waarskynlik Duits as die akademiese taal beleef. In hierdie geval is dit baie belangrik dat ouers steeds tuis Afrikaans, wat die moedertaal is, moet praat. Hou Duits as akademiese taal waarin huiswerk gedoen word, met Duitse maats gesels word en Duitse boeke gelees word, maar intieme hartsake en dissipline word in Afrikaans gedoen.

Dit is baie belangrik dat 'n kind se taalvaardighede ook in sy moedertaal bly ontwikkel omdat hy abstrakte konsepte eerstens in sy moedertaal gaan bedink en verstaan. Navorsing het ook bewys dat dit wenslik is om vir kinders op 'n gereelde grondslag te bly voorlees, verkieslik totdat hulle in

Graad 8 is. Eers op 'n Graad 8-vlak is die kind se vermoë om te lees en te redeneer op dieselfde vlak.

4.3. Skoolbetrokkenheid

Om die verskynsel van taalverwarring te verminder binne die veeltalige onderrigomgewing, moet die kind 'n onderwyser en sy skoolomgewing met 'n spesifieke taal kan etiketeer (assosieer). Die skool speel 'n integrale rol om hierdie proses van etiketering te bevorder en te versterk. Byvoorbeeld: visuele boodskappe, kommunikasiepraktyke, die algemene voertaal en speelgrondtaal in die skool sou duidelik begrens moet word .

Verder moet die onderrig in die klas alle sintuie insluit. Die kind kan daardeur die inligting hoor, sien, voel en motories beleef. Hierdie inligting kan die leerder dus makliker onthou en weergee. Die ouers kan poog om ook tuis hierdie beginsel te volg.

'n Terapeutiese span, wat 'n veeltalige spraakterapeut, arbeidsterapeut en opvoedkundige sielkundige insluit, kan by die skool betrek word. Deur vroeë identifisering van probleem-areas en vroeëtydige intervensie, kan skolastiese probleme voorkom of behandel word. In samewerking met ervare deskundiges stel ons 'n moniteringsprogram in werking, wat ons deur middel van spesifieke evaluering in staat stel om ons kinders deurlopend te monitor en om sodoende vroeëtydig moontlike uitvalle te help identifiseer.

5. KURRIKULUM

5.1. Inleiding

5.1.1. Dit is vir die DSK 'n prioriteit om die Duitse taal en kultuur te bevorder. Die hoofvoertaal in die skool is Duits. Afgesien van Duits wat as formele taal onderrig word, word vakke soos Wiskunde en Lewensvaardighede in Graad 1 in Duits aangebied. In Graad 2 is die voertaal vir hierdie vakke nog steeds Duits, maar die leerders word aan Afrikaanse begrippe blootgestel om hulle voor te berei vir Graad 3. Verder word Godsdiensonderrig en Musiek deurlopend in Duits aangebied.

5.1.2. Die Duitse leerplan is op huistaalstandaard opgestel, maar aangepas vir Suid-Afrika aan die hand van riglyne verskaf deur die Goethe Instituut. Hierdie leerplan word ook deurlopend met ander Duitse privaatskole in die land, asook Duitsland vergelyk en aangepas. Vanaf Graad 3 word Duits in twee parallelle groepe aangebied. "DaM - Deutsch als Muttersprache" en "DaF – Deutsch als Fremdsprache".

5.1.3. Die kleuterskool (Spatzennest) dien as voedingsbron van die skool en kinders leer hier in Duits kommunikeer.

5.1.4. In die Graad R klas word Duits as onderrigmedium gebruik ter voorbereiding van Graad 1, waar kinders eers in Duits leer lees en skryf. Hier word die leerders ook al aan klanke blootgestel.

5.1.5. Daar word baie klem gelê op die standaard van die Wiskunde-onderrig. Daar is verskeie aanvullende materiaal wat gebruik word om die CAPS leerplan te verryk. Byvoorbeeld die CAMI (Computer Assisted Maths Instruction) wat vanaf Graad R aangebied word. Verder word Duitse werksboeke deurlopend gebruik om plaaslike Afrikaanse handboeke aan te vul en ons leerinhoud op 'n internasionale standaard te handhaaf. Vanaf Graad 4 word leerders aan verskeie Wiskunde-olimpiades blootgestel soos byvoorbeeld Känguru Mathe ('n program uit Duitsland).

5.1.6. In Graad 6 word die Kernvaardighedetoets van die IEB (“Independent Examination Board”) afgelê.

5.2. Oorsig van leerplan

5.2.1. Graad 1

- Die klasonderwyser onderrig Duits, Afrikaans en Wiskunde.
- Ander vakke word deur vakonderwyseresse aangebied, bv. Sport, Musiek, Kuns.
- In die eerste 6 maande leer alle kinders lees en skryf in Duits as huistaal en Afrikaans word hoofsaaklik mondeling onderrig.
- In die tweede ses maande leer kinders lees en skryf in Afrikaans as huistaal onderrig en Duits word voortgesit as huistaal.
- Engels word as eerste addisionele taal ingelei (slegs mondeling).
- Duitse onderrig vind plaas in Wiskunde en Lewensvaardighede.
- Bybelonderrig en Musiek word in Duits onderrig.

5.2.2. Graad 2

- Duits en Afrikaans word op huistaalvlak aangebied en onderrig.
- Leerders leer lees en skryf in Engels as eerste addisionele taal.
- Duitse onderrig vind plaas in Wiskunde en Lewensvaardighede.
**In die geval van ’n tekort aan personeel, mag dit tot gevolg hê dat die voertaal in Wiskunde nie in Duits kan geskied nie. Duitse werksboeke word gebruik om sodoende die standaard van die Wiskunde-onderrig op ’n internasionale vlak te handhaaf.
- Bybelonderrig en Musiek word in Duits onderrig.

5.2.3. Graad 3

- Duits word onderrig in twee parallelle groepe. “DaM - Deutsch als Muttersprache” en “DaF – Deutsch als Fremdsprache”. Die leerders word in hierdie klasse ingedeel volgens ’n deursigtige assesseringsproses wat deur die skool gevolg word.
- Afrikaans word as huistaal onderrig.
- Engels word as eerste addisionele taal onderrig.
- Dubbel-medium onderrig (Duits & Afrikaans) vind in Wiskunde en Lewensvaardighede plaas.
**In die geval van ’n tekort aan personeel, mag dit tot gevolg hê dat die voertaal in Wiskunde nie in Duits kan geskied nie maar wel in Afrikaans. Duitse werksopdragte word egter nog steeds gebruik om sodoende kinders aan beide tale bloot te stel.
- Bybelonderrig en Musiek word in Duits onderrig.

5.2.4. Graad 4,5,6,7

- Die Duitse parallelle-onderrig soos dit in Graad 3 ingelei is, word voortgesit.
- Afrikaans word as huistaal onderrig.
- Engels word as eerste addisionele taal onderrig. Daar word egter ’n hoër standaard gehandhaaf as wat in die CAPS leerplan voorgeskryf word. Sodoende word leerders

voorberei vir die IEB Kernvaardighedetoets in Graad 6 en bied dit leerders die geleentheid om hulle skoolloopbaan in 'n Engelse hoërskool te kan voortsit.

- Dubbel-medium onderrig (Duits & Afrikaans) vind in Wiskunde plaas. Vanaf Graad 4 word leerders aan verskeie Wiskunde-olimpiades blootgestel soos byvoorbeeld Känguru Mathe ('n program uit Duitsland). **In die geval van 'n tekort aan personeel, mag dit tot gevolg hê dat die voertaal in Wiskunde nie in Duits kan geskied nie maar wel in Afrikaans. Duitse werksopdragte word egter nog steeds gebruik om sodoende kinders aan beide tale bloot te stel.
- Dubbel-medium onderrig vind plaas in Sosiale Wetenskappe en Wetenskap en Tegnologie in Graad 4 en 5. Vanaf Graad 6 word in Afrikaans onderrig met Afrikaanse handboeke.
- Vanaf Graad 5 word Tswana onderrig.
- In Graad 6 word 'n kernvaardighedetoets ("*Core skills test*") afgelê, wat fokus op vaardighede in tale en Wiskunde wat deur die IEB ("*Independent Examination Board*") opgestel is.
- In Graad 7 word dieselfde beginsels ten opsigte van tale as in Graad 6 toegepas.

22 Julie 2015